## VADER EN SEUN IN KOMBINASIE

1. In die Nuwe Verbond is daar 30 verse waarin die woorde "Vader" en "Seun" gelyktydig voorkom met verwysing na Yahweh en Y'shua. Net **<u>een</u>** van hierdie 30 verse bevat ook 'n verwysing na die Afgesonderde Gees, nl. Matt 28:19.
2. Matt 28:19 is een van twee Skrifgedeeltes wat in die verlede dikwels gebruik is om te "bewys" dat die Skrif die Vader, Seun en Afgesonderde (Heilige) Gees as 'n "drie-eenheid" beskou. Die ander Skrifgedeelte is 1 Joh 5:7-8.
3. Skrifnavorsing oor die afgelope dertig jaar het getoon dat 1 Joh 5:7-8 in die ouer Bybelvertalings soos die King James en die Ou Afrikaanse Vertaling nie reg vertaal is nie en in werklikheid **<u>glad nie</u>** oor 'n sogenaamde "drie-eenheid" handel nie. In die uiteensetting hieronder kan duidelik gesien word wat die korrekte vertaling van hierdie twee verse behoort te wees. Die Griekse woorde met 'n "TS" vooraan is woorde wat nie in die oudste en mees betroubare manuskripte voorgekom het nie.

| **Grieks** | **Scriptures (korrek)** | **NAV (korrek)** | **KJV (nie korrek nie)** | **OAV (nie korrek nie)** |
|---|---|---|---|---|
| 7 **hoti treis eisin hoi marturountes** [TS]en[TS]to [TS]ourano[TS]ho[TS]pater [TS]ho [TS]logos[TS]kai[TS]to[TS] hagion [TS]pneuma[TS]kai[TS]houtoi [TS]hoi[TS]treis[TS]hen[TS]eisin | 7 Because there are three who bear witness: | 7 Daar is dus drie wat getuig: | 7 For there are three that bear record in heaven, the Father, the Word, and the Holy Ghost: and these three are one. | 7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; |
| 8 [TS]kai[TS]treis[TS]eisin[TS]hoi [TS]martutountes[TS]en[TS]te [TS]ghe **to pneuma kai to hudor kai to haima kai hoi treis eis to hen eisin** | 8 the Spirit, and the water, and the blood. And the three are in agreement. | 8 die Gees en die wa-ter en die bloed, en die drie se getuienis stem oreen. | 8 And there are three that bear witness in earth, the Spirit, and the water, and the blood: and these three agree in one. | 8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig. |

4. Daar is Skrifkenners wat meen dat daar op dieselfde wyse met die teks van Matt 28:19 gepeuter is as wat met 1 Joh 5:7-8 gebeur het. Die redes wat aangevoer word, is die volgende: (1) Die is die **<u>enigste plek</u>** in die Nuwe Verbond waar daar verwys word na die formule "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" en trouens die enigste plek waar "Vader", "Seun" en "Heilige Gees" in dieselfde vers voorkom (2) Hierdie vers word anders aangehaal deur die **<u>vroeë kerkvaders</u>**, wat toegang gehad het tot 'n ouer weergawe van die Nuwe Verbond as wat ons vandag het (sonder enige vermelding van "in die Naam van Vader, Seun en Heilige Gees" - slegs "in my Naam") - dit wil dus voorkom of die ouer manuskripte van hierdie teks anders daar uitgesien het (3) **<u>Niemand</u>** in die Skrif, van wie ons weet, is ooit in die "Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" gedoop nie, maar slegs in die Naam van Y'shua die Messias (4) Dit is onverstaanbaar waarom die Messias vir sy dissipels sou sê dat hulle die jong gelowiges in 'n sekere "**<u>Naam</u>**" moes doop en dan geen naam vermeld nie ("Vader", "Seun" of "Afgesonderde Gees" is nie name nie, maar titels).
5. Daar is geen twyfel dat die Afgesonderde Gees (tradisioneel vertaal as "Heilige Gees") 'n realiteit in beide die Ou Verbond as die Nuwe Verbond is nie. Dit is egter duidelik dat dit **<u>nie</u>** die bedoeling van die Skrif is om die Afgesonderde Gees as 'n afsonderlike Persoon, los van die Vader en die Seun, voor te stel nie. Daar is 30 plekke in die Nuwe Verbond waar daar na die Afgesonderde Gees as "die Gees van Elohiem" of "die Gees van Yahweh" of "die Gees van die Vader" of "die Gees van Y'shua" of "die Gees wat van Yahweh uitgaan" of "sy (Yahweh se) Gees" gepraat word (tesame met Â± 60 plekke in die Ou Verbond). Selfs wanneer daar van **<u>personifikasie</u>** gebruik gemaak word en die Gees van Yahweh byvoorbeeld as "Trooster" of "Helper" voorgehou word, is dit die veronderstelling dat Yahweh (van) sy Gees in mense "inblaas" en dat hulle daarom sy (Yahweh se) vertroosting en hulp op 'n baie intieme en persoonlike en kragtige wyse kan beleef en in staat gestel word om reg te kry wat andersins nie moontlik sou gewees het nie (sien ** aan die einde van hierdie notas).

## Bogenoemde verstaan van die Afgesonderde Gees, synde die Gees van die Vader en ook van die Seun (nie as een van die "persone" van 'n sg. "Drie-eenheid" - 'n begrip wat nêrens in die Skrif voorkom nie) kom duidelik na vore in die volgende gedeeltes:

***1 Kor 2:10-12 Maar Elohiem het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van Elohiem. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in Elohiem is nie, behalwe die Gees van Elohiem. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit Elohiem is, sodat ons kan weet wat Elohiem ons uit guns geskenk het.*** Die Gees van Elohiem (of die "Gees wat uit Elohiem is") moet dus op dieselfde manier verstaan word as "die gees wat in 'n mens is". Net soos wat die gees van 'n mens **verseker** nie as 'n "afsonderlike persoon" beskou kan word nie, net so is die Gees van Yahweh nie 'n afsonderlike Persoon wat van die Vader en die Seun onderskei moet word nie.

***1 Joh 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.*** Die Vader het aan diegene wat in die geloof aan Hom verbind is, **van** sy Gees gegee, dit wil sê hulle lewens behoort dus nou dieselfde gees en gesindheid en karakter te weerspieël as wat in Hom teenwoordig is.

***Matt 11:27 Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.*** Hierdie vers is 'n weerspreking van 1 Kor 2:210-12 (Matt 11 - "niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun" **versus** 1 Kor 2 - "niemand weet wat in Elohiem is nie, behalwe die Gees van Elohiem") **BEHALWE** AS DIE GEES NIE 'N APARTE PERSOON IS NIE, MAAR DIE GEES VAN YAHWEH WAT OOK IN Y'shua GEVIND KAN WORD.

***Mark 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die boodskappers in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.*** Opvallend dat hier **geen** vermelding van die Afgesonderde Gees is nie, maar wel van die Seun en die boodskappers in die hemel. Die rede is eenvoudig: Die Gees is nie beskou as 'n afsonderlike Persoon nie, maar as die Gees van Yahweh.

***Luk 9:26 Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy grootheid en dié van die Vader en van die afgesonderde boodskappers.*** Weer eens geen vermelding van die Afgesonderde Gees nie, alhoewel 'n mens dit binne die raamwerk van 'n drie-eenheid sou verwag (as die Gees 'n afsonderlike Persoon was, kan die grootheid van die afgesonderde boodskappers [d.w.s. engele] tog nie **méér** wees as dié van die Afgesonderde Gees nie).

***Gal 4:6 En omdat julle kinders is, het Elohiem die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!*** Sommige mense sal sê dat ons hier 'n verwysing na die Drie-eenheid het, maar let wel: Dit is die Vader wat die Gees **van sy Seun** in gelowiges se harte uitstuur (of "inblaas") sodat hulle ook (soos die Seun) Yahweh as "Vader" kan aanroep. In die konteks van Gal 4 is daar geen sprake van 'n afsonderlike werking van die Gees nie.

***2 Pet 1:17 want Hy het van Elohiem die Vader eer en grootheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke voortreflikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.*** Kefa (Petrus) beskryf hier die voorval toe Y'shua in die Jordaanrivier gedoop is met die gepaardgaande stem uit die hemel ("Dit is my geliefde Seun ...") en die Gees wat soos 'n duif op Y'shua neergedaal het ("Hy het **van die Vader** eer en grootheid ontvang", en NIE "Hy het die Gees as 'n afsonderlike Persoon ontvang" nie).

***1 Joh 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Y'shua die Messias.*** Let Wel: Ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun (**punt**). Dit behels uit die aard van die saak dat die Gees van die Vader (wat ook die Gees is wat in die Messias gesien kon word) in ons harte werksaam is, vrug en besondere gawes in ons lewens te voorskyn bring en ons in staat stel om met vrymoedigheid en oortuiging van hierdie gemeenskap met die Vader en die Seun te getuig.

****** Daar word dikwels sterk klem op gelê dat die Gees as 'n Persoon beskou moet word omdat Y'shua in die Joh 14-16 onder meer aangedui het dat die Afgesonderde Gees "gestuur" sou word (14:26) en die dissipels sou "onderrig" (14:26), by hulle sou "bly" 14:16) en hulle sou "oortuig" (16:8). Dieselfde woorde word egter dikwels gebruik in gevalle waar daar **nie** van 'n persoon sprake is nie, bv. Gawes kan "gestuur" word (Openb 11:10); die natuur kan "onderrig" (1 Kor 11:14); die toorn van Yahweh kan op mense "bly" (Joh 3:36) en 'n mens se gewete kan "oortuig" (Joh 8:9).